# 'N HUISLIKE kombersie

**Hekel 'n fraai kombersie waarin jy jou kan toevou wanneer die wind buite te kere gaan**

Hierdie patroon is taamlik maklik. **Koste:** Sowat R230

## MATE

Sowat 140 x 170 cm, fraiings ingesluit.

## AFKORTINGS

**beg** – begin
**d.blou** – donkerblou
**kb** – kortbeentjie
**ks** – kettingsteek
**lb** – langbeentjie
**l.blou** – ligblou
**vlg** – volgende



### BENODIGDHEDE

Pingouin Classic DK (50 g-bolle) sowat 6 bolle elk Denim (kleur nr. 54), Dusty Pink (53), Aran (08), Sandy Brown (17), en 8 bolle elk Sage Green (71) en Bluebell (74); 4 mm-hekelpen; mathaak vir maak van fraiings.

### PATROONBLOKKE

Om die draad waarmee jy nie hekel nie, saam te dra, volg die sketse op bl. 80.
Gebruik agtergrondkleur en maak 48 ks, draai.
**1e ry:** Maak lb in 4e ks van hekelpen.
Volg diagram – 1 blokkie = 3 lb.
Moenie werkdraad afbreek as kleur wissel nie – hekel dit in soos vir Fair Isle-breiwerk. Kyk op sketse.
Hekel altesaam 25 patroonblokke: 7 huisies; 7 roosmotiewe; 5 bome; 6 kerke.


### EFFEKLEURIGE BLOKKE


Maak 48 ks, maak vlg lb in 4e ks van einde van ketting. Hou so vol tot einde van ry. Hekel 25 rye.
Hekel altesaam 25 effekleurige blokke: 7 groen; 5 Aran; 5 Sandy Brown; 5 Dusty Pink; 3 Bluebell.

### AFWERKING

Rangskik blokke só dat diagonale stroke van regs bo na links onder vorm.
Begin regs bo met kerke, pak 5 blokke in diagonale strook.
Pak daaronder stroke van groen, huisies, bruin, bome, pienk.
Pak nou 4 van roosmotief, 3 van l.blou, 2 huisies, 1 Aran.
Voltooi linkerbokant deur bokant kerke te pak: 4 Aran, 3 roosmotief, 2 groen en 1 kerk.
Hekel die blokkies in stroke van bo tot onder aan mekaar vas met kb: voorste blok van bo na onder, agterste blok van onder na bo tussen elke 2e lb, afwisselend 1 voor en 1 agter.
Hekel nou stroke op dieselfde manier aan mekaar vas.
**Randafwerking:** Hekel rand van 4 rye lb om kombers.
Vermeer by hoeke deur 2 lb in 4 ks te maak wat hoek vorm – 8 lb. Werk drade weg.
**Fraiings:** Sny stukke van 46 cm.
Maak 'n kaart of stuk hout van sowat 18 cm breed en draai wol in enkellaag om kaart.
Knip drade aan een kant.
Sorteer in bossies van 4 drade elk, vou dubbel en trek deur rand met haak.
Steek los punte deur lus en trek styf.
Maak 14 tossels aan kort kant van blokkies en 21 aan lang kante, reg rondom kombers.
Knip rande gelyk.
Stoom kombers liggies. ❑

15






## HANDWERKDAGBOEK

### Porseleinpoppe
'n Internasionale konferensie met die tema: *Dolls out of Africa*, word van 29-31 Maart in Sandton gehou. Skakel (011) 880-7219 of faks na (011) 880-7856 om nadere inligting.

### Weefwerk
Die Pretoraise Wewersgilde hou 'n uitstaling, modevertoning en verkoping van weefwerk op 15 en 26 Maart by die Coert Steynberg Museum in Pretoria-Noord. Kledingstukke wat van handgespinde draad gebrei is, word ook uitgestal. Skakel (012) 546-0404 om nadere inligting.


**PROMOSIE**

# Bestel warmte vir die winter



S (32), M (36), L (38) en XL (40) vir net R75,99 elk.
XXL (42), XXXL (44) en XXXXL (46) vir net R85,99 elk.





Die truie is beskikbaar in ronde en V-hals en tot XXXXL. Skryf jou tjek of posorder uit aan **ANCHORAGE** en stuur dit aan **ANCHORAGE MAIL ORDER BK, Posbus 228, Kaapstad, 8000.** *
Tel: (021) 511-9456; faks: (021) 511-9483.
Aflewering geskied binne tien dae. As jy nie tevrede is met die goedere nie, sal jy ten volle terugbetaal word as jy dit binne 14 dae onbeskadig terugstuur. *Suffolkweg 2, Maitland, 7405

**Bestelvorm**


Naam ..............................
Adres ..............................
.............................. Poskode ..............
Tel. (h) .............. (w) ..............
Ingesluit is my tjek/posorder vir R ..............
Debiteer asb. my kredietkaart: ☐☐☐☐ ☐☐☐☐ ☐☐☐☐ ☐☐☐☐
Vervaldatum ..............................
Handtekening ..............................

| Styl | Kleur | Grootte | Aantal | Prys | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| Voorbeeld: | | | | | |
| Ronde hals | Wynrooi | XXL | 2 | R75,99 | R151,98 |
| ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ |
| ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ |
| ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ |


## VAN VOOR GEHEKEL




**1. Wanneer jy van kleur moet verander, hou die laaste 2 lusse op hekelpen. Haak 2e kleur van agter af en voltooi lb met 2e kleur.**



**2. Hou drade aan VK van werk. Hekel 2e lb in 2e kleur.**




**3. Kruis drade van 1e en 2e kleure, hekel dan vlg lb.**




**4. Hekel vlg lb soos gewoonlik. Hou so vol tot 1e kleur weer benodig word. Voltooi dan laaste lb met 1e kleur, soos op skets 1.**


## VAN AGTER GEHEKEL




**1. Hou werkdrade aan RK van werk. Voltooi laaste lb met 2e kleur.**



**2. Trek draad van 1e kleur boontoe sodat draad en hekelpen kruis. Slaan draad van 2e kleur oor hekelpen, los draad van 1e kleur en hekel lb oor draad van 1e kleur.**



**3. Hekel lb met 1e kleur aan RK, uit pad.**



**4. Voltooi lb soos gewoonlik. Herhaal stap 2 by vlg steek. Hou so vol tot 1e kleur weer benodig word. Voltooi dan laaste lb met 1e kleur, soos op skets 1. Volg weer sketse, maar met omgekeerde kleure.**

